HOËRSKOOL RANDBURG

**Spesifieke Oueromsendbrief nr. 100 van 2026**

11 September 2026

Geagte Hokkie-ouers/-voogde

**EERSTE SEUNS- EN DOGTERSSPAN EN SPANSAMESTELLING VIR DIE 2026/2027-SEISOEN**

Ons wil graag die volgende belangrike inligting rakende die hokkiespanne en die seuns- en dogters Eerste spanne vir die 2026/2027-seisoen met u deel.

Die Eerste seuns- en dogtersspanne wat tans vir 2026/2027 gekies is, bestaan uit 20 spelers, ongeag ouderdom. Dit is belangrik om te beklemtoon dat hierdie span nie as die finale span vir die 2027-seisoen beskou moet word nie. Die huidige sportbeleid is tans onder hersiening, maar die spelers wat vir die 2027-seisoen gekies is, behou hulle plek.

Vir elke wedstryd sal 18 spelers uit die groep van 20 spelers gekies word, gebaseer op die spesifieke wedstryd en die span se behoeftes. Die weeklikse wedstrydgroep is dus nie noodwendig dieselfde spelers nie.

Dit is ook belangrik om daarop te let dat spelers wat nie tans vir die Eerste seuns- en dogters-spanne gekies is nie, steeds gedurende die seisoen in aanmerking vir die Eerste span kan kom. Spelers se ontwikkeling, prestasie en vordering sal deurlopend in ag geneem word.

Met betrekking tot ons junior spelers in graad 8, 9 en 10: indien 'n speler nie in 'n bepaalde week vir die Eerste span gekies word nie, sal die speler by sy of haar onderskeie ouderdomsgroep aansluit en daar speel. Ons wil verder beklemtoon dat die huidige spelers in die onderskeie ouderdomsgroepe nie hulle plek in daardie spanne sal verloor nie.

Ons vertrou dat hierdie inligting die proses en spanstrukture vir die 2026/2027-seisoen duidelik uiteensit. Ons waardeer u ondersteuning, begrip en samewerking terwyl ons voortgaan om die beste geleenthede vir al ons hokkiespelers te skep.

Vriendelike Randjiegroete

JH Horn
Hokkie-organiseerder

F. Vosloo
Adjunk-hoof: Sport

P. Booysen
Skoolhoof

TEL: (011) 782 6226/7 • Malibongwerylaan 183, h/v Rabie en Malibongwerylaan, Fontainebleau •
E-POS: admin@hsrandburg.co.za • WEBWERF: www.hsrandburg.co.za